# Gebedsbulletin
# No. 14 van 2026

## 05 April 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Verwondering verskuif al die geestelike meubels in jou lewe

Charles Scott Sherrington (1857-1952) het in 1932 die Nobelprys gewen vir sy navorsing oor die funksies van neurons in die brein. In een van sy lesings, wat later geboekstaaf is, skryf hy die volgende oor verwondering: “We dismiss wonder commonly with childhood. Much later, when life’s pace has slackened, wonder may return. The mind then may find so much inviting wonder the whole world becomes wonderful.”

Verwondering gebeur wanneer jou asem weggeslaan word. In Engels praat hulle van awestruck. Sulke verwondering was aan die orde van die dag terwyl mense Jesus se dade en leringe eerstehands ervaar het. Matteus vertel byvoorbeeld vir ons van die skares se verwondering nadat Jesus Sy bekende bergrede gelewer het (7:28-29). Dieselfde gebeur ook as Hy ’n verlamde genees (9:8), ’n bose mag verdryf (9:33), verskillende siektes genees (15:31), en godsdienstige leiers van die dag op hul plek sit (22:31).

In een oomblik het Jesus mense se voete onder hulle uitgeslaan. Hulle oë het oopgegaan. Hulle lewens het vir altyd verander. Hulle was meteens nuwe mense. Die woorde van 2 Korintiërs 5:17 het waar geword: “Iemand wat in Christus glo is ‘n splinternuwe skepping! Daardie ou lewe is oor en verby. Let op! Alles het nuut geword. Nuwe lewe het aangebreek.” (NNT).

Geloof wat verskuif vanaf blote belydenisse na diep belewenisse, is geloof wat verskuif vanaf verwonding na verwondering. Sulke verwondering oor Christus verskuif meteens al die geestelike meubels in ons lewe. Dit verskuif ons ganse lewe vanaf dood na lewe. Dit verskuif ons vanaf verveeld na vervuld. Dit maak dat ons lewe, in Sherrington se taal, wonderful raak. Of moet ek eerder sê: wonder-full!

*deur* **Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

**Lottie Conradie**
**Johnny Viviers**
**Annie Brink**
**Leonie Kruger**
**Jillian Jansen**
**Spokie Vorster**
**Juanita Rossouw**
**Marcel Holtzhausen**
**Oom Piet Pretorius**
**Janine Vorster**
**Hettie Singleton**
**Jaap Naudé**
**Hannelie Ball**
**Marinda Jordaan**
**Vionet Foster**
**Charlie Bherens**
**Jaco Meyer**
**Amanda J van Rensburg**
**Tannie Sannie Wentzel**
**Moos Nel**
**Nettie Badenhorst**
**Arno Claassen**
**Dina Roothman**
**Tiné Pretorius**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan ‘n houtkruis te sterf


-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## GEDAGTE VD WEEK




*Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae’s . . .*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in